



BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes-Afrika.

Uitgegee op gesag.

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

of South West Africa.

Published by Authority.

---

1/- Maandag, 21 Maart 1938. WINDHOEK Monday, 21st March, 1938. No. 743

---

Die volgende Ontwerpordonnansies wat gedurende die Vierde Sessie van die Derde Wetgewende Vergadering ingedien sal word, word vir algemene informasie gepubliseer.

F. P. COURTNEY CLARKE,  
*Sekretaris vir Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

The following Draft Ordinances, which will be introduced during the Fourth Session of the Third Legislative Assembly, are published for general information.

F. P. COURTNEY CLARKE,  
*Secretary for South West Africa.*

Office of the Administrator,  
Windhoek.

	<i>Bladsy.</i>		<i>Page.</i>
Wysigingsordonnansie van 1938 op die Beskerming van die Karakoelskaapboerdery . . . . .	1161	Karakul Sheep-farming Industry Protection Amendment Ordinance, 1938 . . . . .	1161
Wysigingsordonnansie van 1938 betreffende Oortreding van Diere . . . . .	1161	Trespass of Animals Amendment Ordinance, 1938 . . . . .	1161

## ONTWERPORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die wysiging van die wet met betrekking tot die kontrole van die uitvoer van karakoel-skape, wat bekwaam is om te teel.

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika as volg:—

1. In hierdie Ordonnansie beteken die uitdrukking “die hoofproklamasie” die Karakoelskaapboerdery-nywerheid Beskermingsproklamasie 1930 (Proklamasie No. 31 van 1930).

2. Artikel *drie* van die Hoofproklamasie word hiermee gewysig:—

(1) deur die woorde “eenhonderd pond” en die woorde “ses maande” wat daarin voorkom te skrap en hulle te vervang deur die woorde “vyfhonderd pond” en die woorde “drie jaar” respektieflik;

(2) deur die volgende woorde aan die end daarvan te voeg:—

“asook aan verbeurtverklaring van die skape wat die onderwerp van die oortreding uitmaak”.

3. Die volgende artikel word hiermee ingevoeg na artikel *vyf* van die Hoofproklamasie as artikel *vyf bis*:

“5 *bis*. Iemand wat in besit van karakoelskape gevind word onder omstandighede wat die voorneme aantoon om sodanige skape in oortreding van die bepalings van hierdie Ordonnansie uit te voer, en wat nie in staat is om bevredigende rekenskap van sodanige besit te gee nie, is skuldig aan 'n oortreding en na skuldigbevinding blootgestel aan die boetes wat in artikel *drie* uiteengesit is”.

4. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie van 1938 op die Beskerming van die Karakoelskaapboerdery.

## ONTWERPORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die wysiging van die wet betreffende die oortreding van diere.

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika as volg:—

1. Niteenstaande enigiets in enige wet bevat, word hiermee voorsiening gemaak dat waar daar geen behoorlik opgerigte skut bestaan nie, ooreenkomstig die bepalings van Proklamasie van die Administrateur, No. 5 van 1917, soos van tyd tot tyd gewysig, of van artikel *eenhonderd en een-en-sewentig* van die Munisipale Ordonnansie 1935 (Ordonnansie No. 24 van 1935) binne 'n afstand van twintig myl (met die kortste beskikbare pad) van enige grens van enige grond, is die besitter van sodanige grond onderhewig aan die bepalings van die Ordonnansie van 1931 betreffende Oortreding van Diere (Platteland Gebiede) (Ordonnansie No. 9 van 1931), soos gewysig deur die Oortreding van Diere (Plattelandse Gebiede) Wysigingsproklamasie 1931 (Proklamasie No. 34 van 1931), en nie aan die bepalings van Proklamasie No. 5 van 1917 voormeld, of van die Munisipale Ordonnansie 1935 voormeld nie, ten aansien van die oortreding van diere op sodanige grond, tot die tyd dat 'n skut behoorlik, soos voormeld, opgerig kan word binne 'n afstand van twintig myl van die grens van sodanige grond soos voormeld;

Met dien verstande dat enige reg, voorreg, verpligting, verantwoordelikheid of boete wat verkry is, voortgespruit of opgeloopt het ingevolge en kragtens die bepalings van die Ordonnansie van 1931 betreffende Oortreding van Diere (Plattelandse Gebiede) gedurende sodanige tydperk as wat sodanige Ordonnansie soos voormeld van krag mag wees, nie beïnvloed sal word nie deur die daaropvolgende oprigting van 'n skut, soos voormeld.

2. Vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie beteken “Besitter” en sluit dit in enige besitter, huurder of okkupeerder van grond, en enige Munisipaleraad of Dorpsbestuur ten aansien van die Munisipaliteit of gebied (soos die geval mag wees) onder die beheer van so 'n Munisipaleraad of Dorpsbestuur.

3. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie van 1938 betreffende Oortreding van Diere, tree op 1 Mei 1938 in werking, en bly van krag tot 30 April 1939 en nie langer nie.

## DRAFT ORDINANCE

To provide for the amendment of the law relating to the control of the export of Karakul sheep capable of breeding.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. In this Ordinance the expression “the principal proclamation” shall mean the Karakul Sheep-farming Industry Protection Proclamation, 1930 (Proclamation No. 31 of 1930).

2. Section *three* of the Principal Proclamation is hereby amended:—

(1) by the deletion of the words “one hundred pounds” and the words “six months” occurring therein, and the substitution therefor of the words “five hundred pounds” and the words “three years” respectively;

(2) by the addition of the following words at the end thereof:—

“... as well as to forfeiture of the sheep forming the subject of the offence”.

3. The following section is hereby inserted after section *five* of the Principal Proclamation as section *five bis*:

“5 *bis*. Any person who is found in possession of Karakul sheep under circumstances indicating an intention to export such sheep in contravention of the provisions of this Ordinance, and who is unable to give a satisfactory account of such possession, shall be guilty of an offence, and liable on conviction to the penalties specified in section *three*”.

4. This Ordinance shall be called the Karakul Sheep-farming Industry Protection Amendment Ordinance, 1938.

## DRAFT ORDINANCE

To provide for the amendment of the law relating to trespass by animals.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Notwithstanding anything in any law contained, it is hereby provided that where there is no duly established pound in existence, in terms of the provisions of Proclamation by the Administrator, No. 5 of 1917, as amended from time to time, or of section *one hundred and seventy-one* of the Municipal Ordinance, 1935 (Ordinance No. 24 of 1935), within a distance of twenty miles (by the shortest available road) from any boundary of any land, the proprietor of such land shall be bound by the provisions of the Trespass of Animals (Rural Areas) Ordinance, 1931 (Ordinance No. 9 of 1931), as amended by the Trespass of Animals (Rural Areas) Amendment Proclamation, 1931 (Proclamation No. 34 of 1931), and not by the provisions of Proclamation No. 5 of 1917 aforesaid, or of the Municipal Ordinance, 1935, aforesaid, in regard to the trespass of animals on such land, until such time as a pound may be duly established as aforesaid within a distance of twenty miles from the boundary of such land as aforesaid;

Provided that any right, privilege, obligation, liability or penalty acquired, accrued or incurred under and by virtue of the provisions of the Trespass of Animals (Rural Areas) Ordinance, 1931, during such period as such Ordinance may be in force as aforesaid, shall not be affected by the subsequent establishment of a pound as aforesaid.

2. For the purposes of this Ordinance “Proprietor” shall mean and include any owner, lessee or occupier of land and any Municipal Council or Village Management Board, in regard to the Municipality or Area (as the case may be) under the control of such Municipal Council or Village Management Board.

3. This Ordinance shall be called the Trespass of Animals Amendment Ordinance, 1938, shall come into force on the 1st day of May, 1938, and shall remain in force until the 30th day of April, 1939, and no longer.